Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
# LYNNIES BEELD
ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD
www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 1 – 25 Julie 2025

## DAGBESTUUR




**Wêreld sjokoladedag is op 7 Julie gevier. Die Lynnies het 'n soete begin van kwartaal 3 gehad en met 'n sjokoladedag viering afgeskop. Oulike medaljes was gemaak en die Dagbestuur het gesorg dat elke Lynnie kon smul aan 'n kakao-bederf!**















# SPORT

## BERGFIETS




### HOE KAN JY BETROKKE RAAK

Lynnies kry punte vir elke leerder wat deelneem aan die amptelike skole reeks wedrenne – daar is nog 3 oor vir die jaar.

- 2 Augustus: Midrand, Riversand Farm Village.
- 23 Augustus: Pretoria Oos, Hazeldean Valley Trails.
- 20 September: Grootfontein Bike Park.

### MEER INLIGTING

- d6: Resources Tab/ Sport Folder/ Bergfiets inligtingsbrief.
- Kom ry saam – 26 Julie 2025 Lynnies MTB Pret rit, Rosemary Hills.
- Bergfiets organiseerder: Nadia Mienie 082 465 0515




## TENNIS

Die top vyf seuns- en dogters-tennisspelers het op Maandag, 21 Julie na Sun City vertrek vir die Sun City-tennistoer en keer Vrydag die 25ste Julie terug.
Hulle doen waardevolle ondervinding op deur talle wedstryde teen ander skole te speel. Dit is ’n wonderlike geleentheid vir die spelers, nie net moet hulle heelwat wedstryde speel nie, maar hulle het ook hope pret. Hulle het ’n dag by die “Valley of the Waves” deurgebring, heerlik gaan uiteet by verskeie restaurante en die Maze verken.

Hulle hou Lynnies se naam hoog en ons is baie trots op hulle.











## GHOLF- EN ROLBALDAG







**KLIEK HIER VIR INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1kTBA9aGjKEpvItNFYMrLCj-ktU38-hYp/view?usp=share_link




**KLIEK HIER VIR INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1logfrlExRciUF7XtlDyLPr-MYi4VJnoK/view?usp=share_link



**SIEN JULLE BY DIE GHOLF- EN ROLBALDAG!**

## K U L T U U R

### REDENAARS

Baie sterkte aan al die redenaarsleerders met hul kompetisies wat nog sterk in aanvang is.

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.
Let wel: Spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week**:
*"Without commitment, you'll never start. But more importantly, without consistency, you'll never finish."*
Denzyl Washington

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

### RUGBY: BOKKIEWEEK


Eddie Visagie in graad 7, het gedurende die skool-vakansie deelgeneem aan die AVS Bokkieweek rugby toernooi in Naboomspruit. Sy span het weggestap met 'n derde plek in die toernooi.

Eddie is ook gekies vir die SA Nasionale Bokkie span wat in Oktober na Namibie toe toer. Welgedaan!



## AKROBAAT

Geluk aan Elbé Olivier wat 'n 3de plek behaal in Level 6 (11-13 jaar) vir SA's (ASSA Nationals) in akrobaat op 15 Julie.



# AKADEMIE

## WISKUNDE - AMESA

Baie geluk aan Divan Burke, Daniel Smith, Neo Senekal en Elisna van Wyk wat deurgedring het na die FINALE rondte van die AMESA wiskunde kompetisie wat 12 September plaasvind.
Ons hou styf duimevas en weet sommer dit gaan baie goed gaan.
Ons is baie trots op julle met hierdie puik prestasie en geleentheid!




# PERSONEELVERJAARSDAE

## JULIE

25 Liezl Gouws (naskool)
26 Michelle Fourie (naskool)
27 Marcelle Terblanche (naskool)
29 Mina Maphosa (alg.ass)

## AUGUSTUS

2 Liani van der Berg (o/w ass)
5 Charlotte Mooij (ontvangs)
8 Chanté du Plessis (o/w)
14 Petrecia Mali (pre-prim ass) en Marlenique Blom (naskool)
16 Zanele Matchebe (alg. ass)
17 Almari Munik (naskool)
21 Lisa van Rooyen (o/w ass)
25 Estie Krause (naskool)
31 Nettie Steyn (pre-prim)



# OUERLEIDING

## Om dankbare kinders groot te maak




Ons samelewing kan soms 'n gevoel van eieregtigheid bevorder, wat daartoe lei dat kinders glo dat hulle dinge verdien sonder om moeite te doen. Dit is belangrik om kinders die waarde van harde werk, deursettingsvermoë, nederigheid en bowenal dankbaarheid te leer.

Die gevare van eieregtigheid: (entitlement) Dit kan lei tot 'n gevoel van eiebelang, gebrek aan empatie en probleme om verhoudings te vorm.

Eiegeregtigde kinders sukkel dalk om die perspektiewe van ander te verstaan, verwag spesiale behandeling en sukkel om terugslae te hanteer.

Die krag om nee te sê: Om nee te sê vir kinders se onredelike versoeke kan hulle belangrike lesse leer oor vertraagde bevrediging, deursettingsvermoë en die waarde van harde werk. Om nee te sê, kan kinders help om geduld, veerkragtigheid en 'n gevoel van prestasie te ontwikkel.

Die belangrikheid van dankbaarheid: Die kweek van dankbaarheid kan kinders help om 'n positiewe uitkyk op die lewe te ontwikkel en die dinge wat hulle het, te waardeer. Moedig jou kind aan om gereeld dankbaarheid uit te spreek. Leer jou kinders om bewus te wees van die dinge wat vanselfsprekend aangeneem word. Dankbaarheid kan jou kind se fokus na die positiewe aspekte van die lewe verskuif, stres verminder en hul algehele welstand verbeter.

Die behoefte aan verantwoordelikheid: Leer jou kind die belangrikheid van verantwoordelikheid deur ouderdomsgepaste take toe te ken. Dit sal hulle help om 'n gevoel van eiewaarde te ontwikkel. Verantwoordelikheid kan kinders help om belangrike lewensvaardighede te ontwikkel, soos tydsbestuur, probleemoplossing en selfdissipline.

Die gevare van materialisme: Oormatige fokus op materiële besittings kan lei tot ongelukkigheid en 'n gebrek aan waardering vir die eenvoudige dinge in die lewe. Moedig jou kind aan om ervarings bo besittings te waardeer.

Die belangrikheid van diensbaarheid: Om jou kind te leer hoe belangrik dit is om terug te gee aan ander, kan hulle help om empatie, deernis en 'n gevoel van doelgerigtheid te ontwikkel.

Die behoefte aan vertraagde bevrediging: Leer jou kind die waarde van geduld en vertraagde bevrediging. Help hulle om te verstaan dat goeie dinge tyd en moeite verg. Vertraagde bevrediging is 'n noodsaaklike lewensvaardigheid wat kinders kan help om hul doelwitte te bereik, hul emosies te bestuur en impulsiewe gedrag te weerstaan.

## LYNNIES BIDGROEP




BID VIR LYNNIES
Woensdae 07:25 voor die hoofhek.
Kontak Anlia 082 927 1020

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
Die omskakeling van 'n Big Box Container bied 'n innoverende oplossing wat funksionaliteit en kreatiwiteit kombineer sonder om kwaliteit of styl in te boet.
bigbox.co.za 0861 44 74 74


GRUB house
Burgers, Pizza, Wings, Shakes and more...
come get messy! with the GRUBhouse Family!
www.grubhouse.co.za